

10 Maart

Skrifgedeelte: Lukas 7:1-10

Fokusgedeelte: Lukas 7:9

Groot geloof vind jy in klein mense

In hierdie gedeelte sien ons dat ons grootheid eintlik in ons kleinheid lê. Drie keer lees ons die woordjie “werd”! In vers 2 lees ons van 'n offisier in Kapernaum wie se slaaf vir hom baie werd was, en hy was uiters siek. Die slaaf was baie werd, waarskynlik omdat hy die offisier se belange getrou behartig het. In verse 4 en 5 sê die Jode vir Jesus dat hierdie offisier van die heidenland dit werd is dat Jesus iets vir hom doen. Die rede: hy hou van die Jode, en het op eie koste vir hulle 'n sinagoge gebou. Die offisier doen waarvan hulle hou, hy is tot hulle voordeel, daarom is hy dit werd! In vers 6 laat weet die offisier die Here: moenie moeite doen om na my huis te kom nie – hy is dit nie werd dat Jesus onder sy dak inkom nie. Sê net 'n woord, en die slaaf sal gesond word.

Ons meet “werd-wees” dikwels aan hoe baie iemand tot my voordeel doen. Christus meet anders. Die offisier wat homself onwaardig ag, maar sy slaaf baie werd ag, en die Here alles werd ag – hy is vir die Here oneindig baie werd. Jesus sê: hy het 'n “groot geloof”.

Christus meet my waarde nie aan wat ek tot stand gebring het, of aan my mooi standpunte nie. Hy het reeds ewige waarde aan jou lewe toegevoeg aan die kruis. Hierdie waarde beleef ons wanneer ons die Here oneindig baie werd ag, so ook jou medemens, maar self klein en nederig is.

Sing: Psalm 33:9 (1936)

Ds HJ Briel (Petrusburg/Boshof)

